
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Ossewabrandwag is die gemobiliseerde Afrikanerdom.*

# Die O.B.



*In die O.B. kry u die Afrikanerdom van môre en oormôre.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 3 DESEMBER 1941. No. 4.

## Ganse Volk Kom In Weerstand Teen Herhaalde Onreg

### Ongemotiveerde Internerings Sal Vrugte Dra Van Haat En Weerwraak

**Genl. Smuts en sy aanhang van Jode,- Engelse en 'n paar misleide Afrikaners het die Afrikanerdom se eie en enigste vaderland gestort in 'n oorlog wat vir die meerderheid van die bevolking onbillik, dwaas en nutteloos voorkom.**

Hierdie daad het die bitterheid wat tussen die verskeie blanke bevolkingsdele in ons land gesmeul het, knetterend laat uitvlam. Genl. Smuts en sy trawante voer hierdie oorlog met 'n rojale spandabelheid waardeur die reeds afkerige volk 'n toenemende ekonomiese juk moet dra.

Hierdie ekonomiese las vanweë die oorlog vererger die gevoel van bitterheid teenoor diegene wat hierdie oorlog op hulle afdwing. Maar die allerbitterste gevoelens van vyandskap en wrok word deur genl. Smuts se interneringsbeleid geskep.

Niemand ontken die reg van die bewindvoerende regering in 'n land om burgers strafregtelik te vervolg en te straf as hulle die bestaande landswette oortree nie — hoe onbillik sulke landswette vir sommige burgers ook mag voorkom.

Maar elke mens wat 'n vonk van vryheidsliefde in sy hart dra en elke nasie wat die staal van 'n besef van eiewaarde in sy murg het, kom in opstand daarteen dat die owerheid eerbare landsburgers gryp en wegvoer en opsluit sonder om aan die wêreld bekend te maak waarom en sonder om 'n onafhanklike regbank te laat beslis oor so 'n burger se skuld.

As daar bitterheid bestaan oor verskeie aspekte van die oorlogsbeleid moet die Regering dit weet: Oor die internerings ontstaan **haat!**

En is dit nie die Regering wat sy mond vol het oor konsiliasie en uitdelging van rassehaat wat bevel gee tot hierdie internerings nie?

Hoe moet 'n mens dit verstaan? Is die Smuts-regering te dom om te sien dat hy met sy internerings tot niet maak wat hy wil opbou? Of is die waarheid dat hierdie Regering inderdaad nie konsiliasie soek tussen Boer en Brit nie en slegs farisese woorde van versoening preek om rekrute te vang onder die Afrikaners sodat hulle die mag sal hê om die massa van die Afrikanerdom te onderdruk en breek deur onderdrukking?

#### EIS VERHOOR

In die jongste tyd is verskeie vooraanstaande Afrikaners geïnterneer, onder andere Stephen Eyssen en genl. D. P. Eloff van Durban, oud-genl. F. Coetzee, en komdt. H. B. Uys van Amersfoort.

Die volk vra: Wat was hierdie manne se oortreding? As hulle oortree het laat hulle openlik verhoor word en die Regering sy handelwyse regverdig voor almal. As hulle nie oortree het nie — waarom die straf?

Met hierdie internerings is dit ook nie net die man wat gestraf word nie. **Dit is die gesin, die vrou en die kinders.** Waarvan moet die gesinne bestaan wanneer die broodwinner so weggeruk word en die hele gesins-ekonomie in die war gestuur word? So swaar, of swaarder as die man, ly die gesin van elke geïnterneerde.

Die Afrikanerdom kan hierdie herhaalde onregte nie meer verdra nie.

Ons ganse nasie kom in weerstand daarteen.

Per slot van sake is dit **ons** land, oopgemaak vir die beskawing deur **ons** ouers. Wie het die reg om die lewe vir die Afrikaner hier onleefbaar te maak?

Die ganse Afrikanerdom eis dat hierdie internerings moet staak, anders sal die saad van haat wat nou so vry gesaai word op Gods tyd ontkiem en vrugte van wraak en weerwraak dra wat ons sidder om as erfenis aan die toekoms te gee.

In hierdie protes en afkeuring van die interneringsbeleid dra die O.B. die gevoel en wil van die hele nasie in homself beliggaam. In die O.B. vloei die Afrikanerdom wat verdeel is deur kulturele, kerklike en politieke organisasies saam tot één volkstroom. Hierdie volkslaer verhef sy stem teen die opsluiting van Afrikaanse landseuns sonder verhoor, ons protesteer by die Regering, ons waarsku met erns dat hulle wat die wind saai die wilde warrelwind sal maai. 'n Verantwoordelike regering kan dit tog nie as doel hê om haat en vyandskap onuitblusbaar te maak nie!

#### SAAMSTAAN

**En die Brandwagte in ons volkslaer word opgevorder om, in hierdie saak veral, te staan saam met hul nasiebroers in alle volksorganisasies.**

Of dit 'n kerklike, kulturele of politieke liggaam is wat die stryd aanknoop of protes laat hoor teen die gruwel van onverhoorde internering, maak geen saak nie. Elke Brandwag se plek is by daardie liggaam, elke Brandwag se werk is saam met daardie liggaam.

As veldmaarskalk Smuts gedink het dat die stryd van Boer teen Boer so bitter is dat ons

*Vervolg op bls. 3 kol. 3.*

### KERSGESKENKE VIR KINDERS VAN GEÏNTERNEERDES

Daar is tientalle kindertjies vandag in ons land wie se vaders in die interneringskampe sit en wat in baie gevalle afhanklik is van die karige toelaag wat hulle van die Regering ontvang nadat die broodwinner sonder verhoor opgesluit is. Die feesdae wat nader sal vir hulle waarskynlik in baie gevalle net herinnerings van vroeëre geluk opwek sonder dat hulle self in die feesvreugde kan deel.

Met die oog hierop het „Die O.B." besluit om 'n fonds te open met die oog op die aankoop van Kers- en Nuwejaarsgeskenke vir die kinders van geïnterneerdes. Ons doen 'n beroep op almal wat in staat is, om bydrae vir dié doel te stuur na die volgende adres: Kersfonds, Die O.B., Groote Kerk-gebou 916, Adderleystraat, Kaapstad.

Laat ons die leed versag waar die Regering slaan!



# Onsekere Waarskynlikheid Vervang deur Gewisse Onmoontlikheid

## Droewige Resultaat van Partyleiding se Strewe Na Alleenheerskappy

**Die Burger van 21 November bevat 'n uiters belangwekkende hoofartikel oor die geskil tussen die Partyleiding en die Ossewabrandwag. Sedert die ontketening van die stryd teen die O.B. is van ons kant herhaalde maal gevra: maar waaroor gaan die getwis? Wat is verkeerd met die beweging dat hy vernietig moet word?**

Wanneer hierdie vraag aan die gewone lede van die party wat uit die O.B. bedank, gestel is, was die antwoord altyd meer of min die volgende: ,,Die O.B. is nasionaal-sosialisties, die leiers van die O.B. is nie te vertroue nie; die O.B. het 'n nuwe rigting ingeslaan en strewe na 'n diktatuur; die O.B. is die party vyandiggesind,'' ens.

As daar gevra is om bewyse vir hierdie beskuldigings aan te voer, het die gesprek gewoonlik ten einde geloop, want om bewyse vir hierdie argumente op te diep, is 'n kuns waartoe alleen persone met 'n besonder oorspronklike skeppingsvermoë in staat is.

Dit was daarom verblydend om in hierdie tyd van verwarring wanneer beskuldigings rondgeslinger word wat in sommige gevalle so teenstrydig is dat hulle mekaar self vernietig nog voordat hulle hul doel kan tref, duidelik van gesaghebbende kant te verneem wat die geskilpunt nou eintlik is. En dit doen die artikel van genoemde blad.

Die ,,grondliggende oorsaak'' van die stryd of die ,,wortel van die kwaad'' word as volg aangestip: ,,Die Afrikanervolk het vandag twee organisasies met oorwegend dieselfde lede, maar met afsonderlike leiers, wat albei in naam van die Afrikanerdom 'n republiek wil verkry. **Onder verdeelde leierskap probeer die volk sy politieke stryd vir republikeinse vryheid voer, maar juis weens die verdeelde leierskap loop hy die grot gevaar om die stryd te verloor.''**

Hiervolgens het die partyleiding die O.B. die oorlog aangesê omdat hulle gevrees het dat die volk **miskien** sy republiek kan verloor, indien daar twee leiers is wat langs mekaar vir die republiek veg.

### EENHEIDSLEIDING HET BESTAAN

Niemand sou rede gehad het om die partyleiding te verwyt indien hy werklik begaan was oor hierdie ,,gevaar'' en sy besware langs 'n vreedsame weg probeer tuisbring het nie. **Daardie weg was daar:** die Eenheidskomitee wat juis vir daardie doel in die lewe geroep is. Die taak van die Eenheidskomitee was om die verskillende organisasies wat dieselfde doel nastrewe, **saam te bind in 'n eenheidsfront, sodat daar 'n eenheid van beleid, 'n eenheidsleiding bewerkstellig kon word.** Die metode sou wees dat elke organisasie sy **selfstandigheid** behou, maar dat daar **onderlinge raadpleging oor beleidsake** sal plaasvind sodat die volksfront met sy verskillende organisasies **eensgesind na buite kan optree.** Aan die Herenigde Nasionale Party is die leiding op **partypolitieke** gebied toegeken, d.w.s. **,,in die sin van opstelling van party-programme, voering van eleksies, parlementêre optrede, ens.''** soos die voorsitter van die Eenheidskomitee die party se besondere taak omlyn.

**Hier het ons dus 'n eenheid van leiding gehad. Binne hierdie komitee moes alle geskilpunte, ook in verband met die afbakening van werkterreine, bespreek en opgelos word, sodat die Afrikanerdom na buite 'n eenheid kon vertoon.**

### OOK EENHEIDSGESAG

Die oorspronklike stigters van die komitee wou verder gaan deur 'n beleidsraad in die lewe te roep. **Hierdie beleidsraad moes die beleid vir al die volksorganisasies, met inbegrip van die party en die Ossewabrandwag neerlê. As hierdie voorstel deurgegaan het, sou dit beteken het dat ons die toestand sou gehad het wat in die Suid-Afrikaanse Republiek voor die Eerste Vryheidsoorlog geheers het, nl. dat die Republikeinse burgers wat in opstand teen die Britse oorheersing was, hulle onder die leiding van 'n driemanskap gevoeg het. Hierdie driemanskap het besluite namens die volk geneem en die leiding aangegee.**

Hier was dus 'n skitterende geleentheid om sonder skeuring en verdeeldheid 'n eenheidsleiding te verkry en wel in volle ooreenstemming met ons volkstradisie. Sodoende sou die volk geen ,,gevaar geloop het om die stryd te verloor nie.''

**MAAR HIERDIE PLAN HET MISLUK JUIS OMDAT DIE PARTYLEIDING DAARTEEN BESWAAR GEMAAK HET. HULLE WOU GEEN DRIEMANSKAP HÊ NIE.**

Wat die rede van hul weiering was, is nog nooit duidelik gestel nie. Wat die snaakste van die weiering is, is dat die voorstel ingehou het dat **,,dr. Malan as staatkundige leier van die oomblik die Raad sou saamstel** en allereers daarvoor in aanmerking neem die hoofde van die verskillende organisasies.''

Daar was dus geen miskenning van dr. Malan se leierskap nie. Die partyleiding het hier die bevoorregte posisie gehad, en tog word die voorstel geweier omdat dr. Malan dan **saam** met twee ander persone leiding moes gee.

### EENMANSLEIER

**Dit is dus duidelik dat die geskil toe nie gegaan het oor die vraagstuk van 'n EENHEIDSLEIDING nie, maar 'n EENMANSLEIER.**

Dat die partyleiding nie gewillig was om **saam met ander leiers** te dien nie, word verder gestaaf deur dr. Malan se houding teenoor die Eenheidskomitee. Hoewel Die Burger verklaar dat ,,alle bykomstighede, die twispunte en die beskuldigings oor en weer'' maar net ,,die uitvloeisels van die eintlike moeilikheid — verdeelde leierskap — is,'' het dr. Malan nie met die ,,eintlike moeilikheid'' aanvanklik voor die dag gekom nie, maar met die ,,uitvloeisels''. **En hierdie ,,uitvloeisels'' het hy nie aan die Eenheidskomitee voorgelê nie, maar dit in die openbaar van die verhoog af aangekondig omdat daar dan nie tyd sou gewees het om die komitee byeen te roep nie, en dit per slot van sake ook nie sy taak was om die Eenheidskomitee byeen te roep nie.''** So het dit later gelui.

Ná sy ultimatum aan die O.B. het dr. Van Rensburg hom op die Eenheidskomitee beroep ten einde te verhoed dat die getwis langer in die openbaar gevoer word. Die komitee se vergadering word in Bloemfontein belê juis omdat dr. Malan daardie tyd in Bloemfontein sou wees. **Maar desondanks bly dr. Malan byna twee dae lank weg van die vergadering en is die tweede dag eers met groot moeite oorgehaal om die slotverrigtinge by te woon. Al die tyd was hy in Bloemfontein!**

### KANS VERBEUR

**Waar daar 'n moontlikheid bestaan het om die geskil binne vier mure by te lê en sodoende die leiding van die Afrikanerdom nie te verbrokkel nie, daar het dr. Malan die kans verby laat gaan.** Het hy gehoop om 'n eenmansleiding te bewerkstellig **deur ander volksorganisasies, en ander volksleiers, dood te maak?**

Hierdie poging om die O.B. dood te maak, was egter so 'n volslae mislukking dat Die Burger in dieselfde artikel moet verklaar: **,,As die huidige wrywing in ons geledere voortduur en die heersende onenigheid ons kragte versplitter en verbrokkel, sal die volk sy hoop op die verwesenliking van sy skone verwagting moet prysgee.''** En ook dr. Malan het gewaarsku dat ,,soos sake nou staan, stuur ons lynreg op 'n volksramp af.''

**In plaas van 'n eenmansleiding het die party-**

*Vervolg op bls. 6.*


# 'N NAAM—
# 'N DOEL—
# 'N BELOFTE—

SY NAAM: ,,SANLAM'' — die verkorte naam is al bewys van hoe hy by die publiek ingeburger en ingewortel het.

SY DOEL: Om 'n Assuransiemaatskappy te skep wat nie alleen die Afrikaner se eiendom sal wees nie, maar wat vir die Afrikaner ook 'n beskerming en 'n spaarmiddel sal wees en vir die Afrikanerseun- en dogter as 'n bron van opleiding sal dien.

SY BELOFTE — is bevat in sy leuse: ,,Uit die Volk gebore om die Volk te dien.'' Daardie belofte is ook sy waarborg.

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

**DIE GOEIE HOOP**
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
V
I
R
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar: D. D. DE KOCK*
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

*DAGBREEK KARTELS*
*word gedra deur*
*DEFTIGE DAMES*
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
Langmarkstraat 141 KAAPSTAD


# „Vrystaat Het die Stryd teen Broedertwis Gewen."

In 'n oorsig van die toestand in die Vrystaat het die A.K.G. van genoemde Provinsie, genl. C. L. de Jager, die volgende verklaring gedoen:

Ek het so pas 'n inspeksiereis deur die Vrystaat voltooi. Ek het al die offisiere tot en met die rang van korporaal op verskeie plekke saamgetrek en verneem hoe die toestande is na die offensief wat deur die partyleiers en hul handlanger-blaaie gedoen is.

**Eerstens moet ek meedeel dat die partyleiers en hul pers nie besef watter skade hulle aan die H.N.P. of V. self gedoen het nie. As daar nou skielik iets op hulle sou afkom, sal alleen die Oossewabrandwag se bystand die Afrikanerdom op daardie gebied kan red.**

Sou die partyleiers miskien die houding inneem dat hulle nou kan optree en die volkshuis omkrap soos hulle verkies en dat die volk hulle later weer sal aanwys as sy verteenwoordigers, of sou hulle aanneem dat daar nie weer so 'n geleentheid vir die volk sal kom nie?

Wat die Vrystaat self betref, kan ek besonder interessante feite aantoon.

**Die Vrystaat het beslis en ondubbelsinnig getoon dat hy nie bereid is om 'n nuwe broedertwis wat hom opgedring word deur partyleiers en hul pers, te aanvaar nie.** 'n Karige 10 persent van die O.B.-ledetal het bedank, en baie ander wat mislei is, doen aansoek vir heropname. Ek het hiervan baie bewyse. Die Vrystaat het die stryd gewen. **Nie 'n stryd van Afrikaner teen Afrikaner nie, soos die Jood en die Brit dit graag sou wil sien nie, maar die stryd teen broedertwis.**

Die Vrystaat is dan ook nou baie rustiger en die meenste mense het volkome tot verhaal gekom en daar word reeds weer funksies en ander feeste gehou. Die Vrystaat is doelbewus op TREK. **Ja, ons trek almal saam aan die wa en dink nie aan die wakis nie.**

Die Vrystaat dink aan die **wa.** Hy moet die bult uit en elke man, vrou en kind is ingespan en elke spier is gestrem om te stry en te stoot die bult uit — na VRYHEID.

Die gees wat daar vandag te bespeur is by die O.B. se lede is bewonderenswaardig. 'n Geweldige droogte woed in die Oranje Vrystaat. En tog, waar die Kommandant-generaal vergaderings hou, was die opkoms bo verwagting.

Maandag, die 17de, het die Kommandant-generaal op Bloemfontein 'n O.B.-vergadering van ruim 3,500 mense toegepsreek. Daar het 'n geweldige geesdrif geheers wat vir almal tot aanmoediging was. **In die erewag alleen wat deur hom by die stasie geïnspekteer is, was 1,070.**

Ons in die Vrystaat wil vry word, teen enige koste. Ons sal nie dat ander volke hul bloed vir ons stort nie. Soos die Oranje Vrystaat in 1899 tot hulp van die Afrikanervolk gesnel het, so sal ons ook hierdie keer as dit nodig word. Ons sal nie dat ander ons tryd voer nie. Ons wil nie agter ander se bloed skuil nie.

**Vandag dink ons nog met bitterheid en teleurstelling aan diegene wat Jopie Fourie en Christiaan de Wet se optrede verfoei het, en later agter hul bloed geskuil het om stemme te vang. Dergelyke optrede vandag, sal in die toekoms nie ongestraf gelaat word nie.**

***BRANDWAGTE—AANDAG!!!***

Dit is nie meer as reg om die naam van u blad te noem wanneer u Adverteerders ondersteun nie. Onthou! Advertensie is die polsslag van ons blad, en die adverteerders verwag resultate. Ons doen 'n dringende beroep op u om alleen adverteerders in „Die O.B." te ondersteun en sodoende die reklamewaarde van ons blad op 'n hoë peil te stel.

## NET EEN-TIENDE VAN O.B. IN VRYSTAAT BEDANK

Op die vergadering in Bloemfontein voorverlede week het genl. C. L. de Jager die volgende syfers verstrek in verband met bedankings in die Vrystaat uit die Ossewabrandwag:

Parys: 600 lede (veertien het bedank); Heilbron: 900 (twee bedank); Frankfort: 500 (25 bedankings); Vrede: 800 (50 bedankings); Warden: 900 (sestig bedankings, plus twintig nuwe lede); Koppies: 600 (25 bedank en 20 nuwe lede); Harrismith: 1,500 (95 bedankings); Vredefort: 400 (geen bedankings); Reitz: 1,116 (106 bedankings); Petrussteyn: 583 (74 bedankings); Bethlehem—Kestell: 1,847 (155 bedankings en 62 nuwe lede); Lindley: 1,199 (275 bedankings en 13 nuwe lede); Senekal: 1,309 (181 bedankings plus 56 nuwe lede); Ficksburg: 480 (88 bedankings); Fouriesburg: 842 (262 bedankings plus 15 nuwe lede); Petrusburg: 600 lede (60 bedankings).

In die Vrystaat het mnr. De Jager onder toejuiging gesê, het eentiende van die lede bedank —eentiende van 67,000 Brandwagte en 'n groot aantal nuwe lede het bygekom.

Mnr. O. L. Nel, A.K.G. in Natal, het na aanleiding van bedankings gesê dat 180 in daardie provinsie bedank het. „Maar ons het soveel nuwe inskrywings gekry dat ons 'n kredietbalans in Natal het."

*Vervolg van bls. 1.*

magteloos aan sy voete lê, het hy hom vergis.

Brandwagte! Moenie wag dat u broer u hand vat in hierdie stryd nie. Al het hy u gister geslaan met daardie arm, haak u arm in sy arm, staan met hom skouer aan skouer, gaan met hom skouer aan skouer en toon die huidige regering dat hy te doen het met die protes van 'n nasie wat eendragtig is in sy afsku. sy wense en sy weerstand.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


DIE
**KLEREMAKER**
EN
**UITRUSTER**
VAN
KAAPSTAD
AFRIKAANSE KLEREMAKER
DIE
SUID-AFRIKA
*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

**VOORSLAG-PYNPOEIERS**
DIE VEILIGE VERBANNER VAN
**ALLE PYNE**
HOOFPYN, SINKINGSPYN, RUMATIEK, VROULIKE PYN, TANDPYN EN VERKOUES EN INFLUENSA.
**Die Voortrekker Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD. | Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN
AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.

## Die Onderhandelings

Deur bemiddeling van sekere vooraanstaande Afrikaners is verlede week 'n byeenkoms tussen die Kommandant-generaal en die hoofleier van die Herenigde Nasionale Party gehou. Voortspruitende uit hierdie samesprekings is sekere skriftelike voorstelle deur die partyleier van die Ossewabrandwag ter oorweging voorgelê. Verlede Vrydag het die dagbestuur van die O.B. vergader om die voorstelle te behandel, en na verwag word, sal die onderhandelings wat tans voortgesit word, nog enige tyd duur.

Met blydskap het ons intussen kennis geneem van die partyleiding se besluit om die stryd teen die O.B. voorlopig te staak, as gevolg waarvan die voorgestelde sirkelkonferensies ook gekanselleer is. Hierdie optrede skep die moontlikheid vir 'n oplossing van die moeilikheid.

Wat die O.B. betref, word die nuwe stap van harte verwelkom. Die O.B. het hom van die begin af beywer vir volkseenheid en hy het altyd gesoek na samewerking met die Party en ander volksorganisasies ter verwesenliking van ons gemeenskaplike doel. So 'n besluit is dan ook nog onlangs deur die offisiere by geleentheid van die laertrekking in Bloemfontein geneem.

Die huidige geskil is nog nooit deur die O.B. as onoorkomelik beskou nie. Waar dit hoofsaaklik gaan oor die vraagstuk van 'n eenheidsleiding, kan hier herhaal word dat hoewel die O.B. die belangrikheid van 'n eenheidsleiding ten volle erken, hy nog altyd beklemtoon het dat 'n eenheidsleiding nie noodsaaklik uit 'n eenmansleiding bestaan nie. Ons hou vol dat ons dieselfde doel kan nastrewe deur middel van verskillende organisasies. Volkseenheid word nie verbreek deur die bestaan van afsonderlike organisasies nie. Inteendeel is ons van oordeel dat die optrede van die volk juis kragtiger en doeltreffender kan wees wanneer hy homself deur middel van verskeie organisasies laat geld, solank daar maar net eensgesindheid oor en samewerking is in die optrede ter verwesenliking van die gemeenskaplike ideaal.

Waar dit die geval is, wil die O.B. beklemtoon dat elkeen van die organisasies selfstandig behoort te wees, en sover dit homself betref, kan daar alleen samewerking wees op die grondslag van algehele selfstandigheid van die beweging.

* * *

Waar ons die samesprekings verwelkom, verskaf dit ons blydskap dat ons, onderwyl die onderhandelings aan die gang is, nie nodig het om ons teen ons mede-Afrikaners te verdedig nie, en gevolglik die geleentheid het om op ons gemeenskaplike vyand te konsentreer.

Waar een of ander stuk in hierdie uitgawe oënskynlik nie in ooreenstemming is met hierdie stelling nie, moet dit gewyt word aan die feit dat ons 'n weekblad is, en die grootste gedeelte van die blad reeds persklaar gemaak was voordat die partyleiding met sy welwillendheidsgebaar voor die dag gekom het.

## Wapenstilstand

Op 21 November is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die volgende aankondiging in die pers gedoen:

,,Behoudens latere andersluidende kennisgewing sal alle O.B.-vergaderings tussen 15 Desember en 2 Januarie gestaak word. Dit het nie betrekking op vergaderings wat skielik nodig mag word weens die een of ander internering wat lokale optrede, b.v. in verband met noodleniging, vereis nie.''

Intussen het die dr. D. F. Malan namens die Herenigde Nasionale Party 'n soortgelyke aankondiging gedoen.

Met enkele uitsonderings het die Afrikaner in die verlede nog altyd getoon dat hy eensgesind kan en wil wees wanneer hy in feesstemming verkeer om groot gebeurtenisse uit die verlede te herdenk. Dit was juis hierdie karaktertrek wat dit vir ons politiek-verdeelde volk moontlik gemaak het om mekaar in 1938 opnuut te vind en te behou in 'n volksorganisasie soos die Ossewabrandwag. Deur die partypolitiek het ons mekaar weer tot 'n mate verloor, maar met die vooruitsig op 'n tydperk van rus en kalmte herlewe die hoop dat ons mekaar weer sal vind soos in die jaar van die groot Eeufees.

Dit is in die gees van so 'n verwagting dat die O.B. hom graag by die oproep van sy leier aansluit. Mag ons volk in die betragting van die verlede so 'n mate van onbevooroordeeldheid herwin dat ons die stryd teen ons ware vyande daarna met nuwe krag en eensgesindheid sal aanpak.

# GELOFTES VAN DIE BOEREVOLK

### Verlies van Vryheid Was Nog Altyd Die Prys Vir Verbreking Daarvan

In 1838 is daar op Danskraal 'n gelofte afgelê aan God dat as Hy die Boere sou bystaan en die oorwinning besorg, die dag as dankdag as Sabbat, gevier sal word. Vir die oorwinning, vir hul lewe, hul vryheid, beloof hulle in ruil om een enkele dag uit 365 af te staan. God gee die oorwinning by Bloedrivier en die Boere moes hul gelofte betaal.

Na jare vergeet baie die ooreenkoms en betaal nie meer die gelofte nie . . . **en die vryheid word verloor.**

In 1880, op 16 Desember, word Danskraal se gelofte herhaal by Paardekraal, met die toevoeging daaraan **dat hulle mekaar se hand sal hou en nie rus voordat hul vryheid herstel is nie.** God gee die oorwinning op Majuba en die Boere moes hul gelofte nakom.

Na jare verflou dit weer en alle aandag word afgetrek deur die goud van die Rand . . . . **en die vryheid word verloor.**

In 1938, weer op 16 Desember, word die Danskraal-gelofte herhaal by die hoeksteenlegging op Monumentkoppie, maar die Paardekraal-byvoegsel is vergeet — eers nege maande later, op 9 September 1939, gaan ons terug na Monumentkoppie **en beloof om mekaar se hand nooit weer te los in ons vryheidstryd nie.**

Ons is heilig oortuig dat God op die herhaling van die gelofte aan ons kant, ons ons vryheid van Sy kant gaan gee, maar ons het nog nie eers die vryheid ontvang nie **en die gelofte is al vergeet!** Honderde het alweer die hand van hul broers gelos en spoor ander aan om dit ook te doen!

**Die Brandwag hou die hand van sy broer, en hou die Hand van sy Vader in die donker dae van stryd en verwoesting.**

### SAMETREKKING VAN JEUG

Onder leiding van die bestuur van die Afrikaanse Nasionale Jeugbeweging (bestaande uit die A.N.S., die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings, die Nasionale Jeugbond en die Afrikaans-Nasionale Hoërskoolbond) word die eerste groot volksjeugkongres van 19 tot 23 Desember by die oog van Mooirivier, naby Potchefstroom, gehou.

By hierdie kongres gaan die jeug sy standpunt ten opsigte van die ernstige lewensvraagstukke stel, gaan hy sy kragte konsolideer deur die skepping van 'n eenheidsfront en gaan hy die taak om die uiteindelike ideaal te verwesenlik, ondubbelsinnig aanvaar. Die openingsrede sal deur prof. dr. J. D. du Toit (Totius) gelewer word. Die program maak voorsiening vir 'n aantal uiters belangrike toesprake, vir volkspele, volksang en Boere-vermaaklikhede.

Die kongres word georganiseer in die vorm van die toekomstige Boere-republiek, en dit behoort 'n besieling te wees vir elke jong Afrikaner wat dit bywoon.

,,Doen geloftes en betaal die aan die Here julle God!'' (Ps. 76: 12.)

## Wapenskou

Vir 'n volk wat op mars is na sy bestemming is dit nodig dat sy lede steeds in voeling bly met mekaar. In ons volkslewe is daar vandag verskillende organisasies wat almal dieselfde doel nastrewe, en dit is nodig dat daar bande van kontak tussen die verskillende liggame is, sodat ons kan weet wat daar in die hart van die volk aangaan en hoe die verskillende volkskringe oor sake voel en dink. Naas die Ossewabrandwag is daar die Afrikaanse Nasionale Studentebond wat die studerende jeug van ons volk verteenwoordig. Hierdie organisasie is vandag die kampvegter in die universiteitskringe vir die dinge waarvoor die Boeredom staan, en dit is noodsaaklik dat elke Afrikaner op die hoogte kom met die stryd wat op daardie terrein aan die gang is. Die A.N.S. gee 'n kwartaalblad uit, Wapenskou, wat dien as skakel tussen die reggesinde Afrikaanse jeug, en beoog o.a. om die staatkundige strewe van die Afrikanervolk op wetenskaplike wyse te ontleed en te formuleer. As sodanig, en met behulp van die vernaamste deskundiges in ons land, is die blad 'n uitstekende publikasiemedium vir studiekringe en navorsers oor ons volk se geskiedkundige en toekomstige ontwikkeling.

Die blaadjie, wat in sierlike druk en band verskyn, word sterk aanbeveel by lede van die Ossewabrandwag, en bestellings kan geplaas word by die uitgewers, Die Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die bedrag van 5s. vir die vier eksemplare wat jaarliks verskyn.

### DIE PAD VAN DIE VOLKSHELD

Die weg wat elke Brandwag wil betree is onlangs ter geleentheid van 'n heldedagviering aan die Oos-Rand besonder treffend deur prof. L. J. du Plessis geskilder, want die Brandwag het 'n saak gekies om te dien en wil daardie doel dien tot die einde van sy lewe.

Om daardie weg te gaan, moet jy die saak van jou volk jou eie saak maak — die weg is moeilik — dis 'n weg van opoffering en diens. Jy moet 'n vaste koers hou en alles wat die volk benadeel, afstoot, maar jy moet tog ook 'n ruime hart hê. Terwille van 'n kliek mag jy nie ander afstoot nie — jou liefde moet almal omarm, en saambind tot 'n geheel.

Vasberade en standvastig moet jy wees en die grootste vastigheid word verkry nie deur te swig vir die meerderheidstem nie, maar deur te leef na die Heilige Skrif wat die mens bind, want dis jou rigsnoer op alle terreine van die lewe. Maar jou bestaan moet ook gewortel wees in jou volksgeskiedenis, want God self het — onafhanklik van die meerderheidstem van die volk — die weg van die volk deur die geslagte heen gebaan. Jy moet koersvas op die eindbestemming van die volk afstuur — **jou middels mag verander maar jou doel nooit!**

Dié pad is die pad van die Volksheld!

Die ganse Afrikanerdom sal nog weer geleentheid kry om te kan wys wat hy kan voortbring aan helde, want vir die Boerevolk lê die wêreld oop na die Noorde om te bekeer en te ontwikkel maar alles wat vreemdes hier op ons afgedwing het, moet omgekeer word, sê prof. Du Plessis.

,,Is ons dan bang?'' het spr. genl. Kruger het met 'n handjievol Boere die stryd aangeknoop teen 'n hegte Empire — ,,ons kan die hele Afrikanerdom hê en moontlik 'n verbreekte Empire!''

# Ossewabrandwag Lei Opstand Teen Volksondermynende Magte

## *Taak van Beweging Duidelik Gestel deur Hoof-Generaal Van Zyl*

**„Indien Nasionaal-sosialisme beteken dat jy 'n voorstander is van 'n volksregering; 'n president deur die volk gekies; dat die staat sy verantwoordelikheid teenoor elkeen van sy burgers moet besef en nie toelaat dat hulle uitgebuit word deur kapitalistiese groepe nie; dat die belange van die volk voor die belange van 'n groep of enkeling gestel word; dat jy gekant is teen 'n volksvreemde partystelsel, die liberalistiese pers en die georganiseerde Jodedom, dan het die O.B. daar niks op te sê nie. Hierdie is wel die dinge waarvoor hy staan."**

In hierdie duidelike taal het genl. dr. F. D. du Toit van Zyl verlede Saterdag die doel van die Ossewabrandwag op Stellenbosch omskrywe. Genl. Van Zyl het gepraat oor die evolusie van die O.B. en op die reuse-groei van die beweging gewys. Hierdie snelle ontwikkeling is moontlik gemaak deur die omstandighede waarin die Afrikanervolk hom bevind het en deur die wil van die volk om hom daarteen te verset.

Spr. het die toestand van volksverslawing beskryf, die toestand waarin die Afrikanervolk as oorspronklike besitters en ontginners van die land oorheers is, en hulle gedwing is om op die ekonomiese peil te lewe wat deur hul uitbuiters bepaal word. Hierdie wandistribusie van mag en rykdom en die gebrek aan erkenning van regte waardes het die koms van die O.B. bewerkstellig.

Die tweede vereiste wat aanwesig was vir sy ontstaan, was die wil om wat verkeerd is, reg te maak. Hierdie wil sit ons volk in die murg, dog 'n volksontwaking was nodig om die wil tot uiting te laat kom.

### PRODUK VAN ARBEID

'n Ontwaking is selde die gevolg van 'n plotselinge besieling of ingewing, maar is die hoogtepunt van 'n lang reeks bewuswordinge, wat op hul beurt weer die resultaat is van jarelange arbeid en opvoeding. **So was die volksontwaking van 1938 die resultaat van die doelbewuste arbeid van 'n groot aantal volksgenote wat geglo het in die toekoms van hul volk. Hierdie arbeiders het in die eerste plaas bestaan uit gewone burgers en burgeresse — nie noodsaaklik leidende persone nie — wat hul alledaagse lewe trou aan hul volk gewy het.** Hulle was mense wat hul taal gepraat, geskryf en gelees het, wat probeer leef het volgens die Afrikaanse tradisie en hul mede-Afrikaners op dieselfde weg gehelp het.

**Dit was nie die werk van politieke leiers nie.** Hiermee word nie te kenne gegee dat sekere leiers op politieke gebied nie groot aandeel hieraan gehad het nie. Die vernaamste bouwerk van die gewone burgers is gewoonlik geplaas onder die leiding van nie-politieke volksorganisasies en van die Kerk, organisasies soos die A.C.V.V., die C.J.V., verskillende kultuurverenigings en ekonomiese bewegings.

**Politieke partye het slegs in die laaste instansie op die voorgrond getree, nie om iets nuuts in die volkslewe te bring nie, maar slegs om gebruik te maak van wat die gewone burger en die volksorganisasies reeds tot stand gebring het.** Deur dit te noem, staan spr. nie noodwendig krities teenoor partye nie. Dit is eenvoudig uit die aard van politieke partye om gebruik te maak van die arbeid van ander persone ten einde 'n magsposisie te verower. Spr. noem dit slegs om die aard van die O.B. in teenstelling met 'n politieke party aan te dui.

Gestimuleer deur die Jameson-inval, die Engelse Oorlog, die rebellie en ander minder opspraakwekkende gebeurtenisse het ons volk in die afgelope 46 jaar baie hard gewerk aan die volksgebou. Die Ossewatrek en volksontwaking in 1938 was die heerlike kulminasie van dié arbeid.

### VRUG VAN ONTWAKING

**Die O.B. is die vrug van die volk se ontwaking.** Vervul met daardie gees het die volk besef dat 'n volksorganisasie nodig is om die gees lewendig te hou.

Opvallend was dit dat die volk nie na een van sy politieke partye gekyk het om voortplanter te word van daardie gees nie. Ook is geeneen van die bestaande volksorganisasies of Kerk daarvoor uitgesoek nie. Nee, 'n heel nuwe organisasie moes geskep word in die vorm van 'n volksbeweging wat al die vertakkings van die volkslewe en al die voksbedrywighede sou insluit, en wat geen welmenende volksgenoot sou uitsluit nie. **Die groot getalle wat tot die O.B. toegestroom het, het bewys dat die volk hierdie beweging beskou het as die liggaam waarin die gees van die volksontwaking oorgedra is.**

Tydens die Ossewatrek het die volk se oë oopgegaan vir sy diepe vernedering en die ellende waarin hy verkeer het. Die volk het besef dat hierdie ellendige toestand tot 'n groot mate toegeskryf moes word aan die vreemde ekonomiese en maatskaplike stelsel waaronder hy gedwing was om te lewe.

In die tweede plaas het die volk as gevolg van sy intieme kennismaking met sy verlede uitgevind wat werklik sy eie is. Ons volk het weer sy geskiedkundige spoor gevind en daarmee sy toekomsrigting. **Die uitstaande gevolg van die jarelange arbeid was dat ons volk besluit het om vaarwel te sê aan wat vreemd is en aan te gryp wat sy eie is, om 'n nuwe rigting in te slaan — nuut in sover dit 'n herontdekte rigting is, ons eie geskiedkundige rigting.**

### O.B. GEE LEIDING


Aan die O.B. is toevertrou om draer van hierdie nuwe rigting te wees. Die volk het sy leiding by die O.B. gesoek om hom in die eerste plaas te verlos van die ellende waarin hy onder 'n vreemde stelsel gedompel was en hom dan in 'n rigting te lei waar daar 'n beter toekoms en groter geluk sal wees.

**Dit bring mee dat die O.B. tans die volksopstand lei teen alle volksondermynende magte, veral die volksverdelende demokratiese partystelsel, die liberalistiese pers, die georganiseerde Jodedom en ander invloede wat oorsaak is van die wandistribusie van mag en rykdom in** ons land.

Die O.B. het besieling geput uit die sukses waarmee dergelike organisasies van die ontwaakte volke van Europa 'n dergelike opstand gevoer het — **en in hierdie sin staan die O.B. in die lig van 'n wêreldwye ontwaking en wêreldhervorming. Daar is niks in of aan die O.B. wat nie eg Afrikaans is nie. Die omstandighede egter wat gelei het tot die ontstaan van die O.B. vind mens ook in ander dele van die wêreld. En in sover die Afrikanervolk binne die O.B. op hierdie omstandighede reageer soos die nuwe volke van Europa daarop gereageer het, in sover kom die rigting wat ons inslaan, ooreen met die rigting wat hulle ingeslaan het, met wysiginge egter wat kom uit die aard van 'n verskillende karakter en lewensuitkyk.**

*Vervolg op bls. 7 kol. 3.*


DIE OSSEWA-SPEELKAARTE



*Afrikaanssprekende*

*Suid-Afrika het hiervoor gewag !*

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte ........En jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel........EN HIER IS DIT NOU........

DIE OSSEWA-SPEELKAARTE

Elke kaart het 'n eg-Afrikaanse naam en is selfs in Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

**PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word.**

Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

**DIE REëLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!**

ONTHOU — Dit sal 'n pragtige Kersgeskenk wees.

PRYS 3/- (3/6 Posvry).

● BESTEL VAN —

DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

BUS 845 —— PLEINSTRAAT 3, —— JOHANNESBURG.

## BESEERDE OFFISIERE IN HOSPITALE

Drie offisiere van die Ossewabrandwag wat tydens die laertrekking van hoë offisiere in Bloemfontein in Oktober jl. betrokke was in motorongelukke, verkeer nog in die hospitaal. Kommandante M. Rothner en komdt. A. Swanepoel, albei van Beaufort-Wes, is opgeneem in die Nasionale Hospitaal in Bloemfontein. Eersgenoemde is reeds op die been, maar word nog behandel, terwyl laasgenoemde nog tot die bed beperk is, na ons verneem.

Dan is daar komdte. D. Geldenhuys van Parow, wat in die Volkshospitaal alhier opgeneem is. Haar toestand vorder, hoewel sy nog baie ongerief te verduur het.

Aldrie offisiere is in die uitoefening van hul plig beseer, en die geduldige en moedige wyse waarop hulle hul aan hul lot onderwerp, is 'n groot besieling vir hul leiers en dien as voorbeeld vir hul ondergeskiktes.

Die O.B. wens sy meegevoel aan hierdie offisiere te betuig en hulle 'n spoedige en volkome herstel toe te wens. Die Ossewabrandwag weet vandag dat hy manne en vroue as voorgangers het wat ook in hul lyding leiding kan gee.

## NOG STEEDS DIESELFDE

„Die O.B. is 'n magtige organisasie wat ons volk dissiplineer en dit maklik wil maak om ons volksideale te bereik. Ons het die O.B. nodig aan die een kant en die politieke party aan die ander kant."

Dit is wat dr. Malan op 5 Maart te Kaapstad gesê het. Daarby het hy gevoeg: „Albei strewe na 'n republiek en die verkryging van 'n doelbewuste, sterk volkseenheid."

## Onsekere Waarskynlikheid vervang deur Gewisse Moontlikheid

*Vervolg van bls. 2.*

**leiers daarin geslaag om die volk so te verdeel oor hierdie ondergeskikte vraagstuk, dat ons nou op 'n volksramp afstuur.** Die rede vir hul optrede was in die woorde van Die Burger dat die volk onder 'n verdeelde leierskap gevaar geloop het om die stryd te verloor. **Hy het net die gevaar geloop om dit dalk te kan verloor.** Maar die resultaat van hul poging om die verdeelde leierskap te herstel nadat hulle self die kanse verby laat glip het om 'n eenheidsleiding te bewerkstellig, is dat **„die volk die hoop op die verwesenliking van sy skone verwagtings moet prysgee."**

**Die onsekere MISKIEN het die partyleiding, in plaas van dit te verwyder, laat ontwikkel tot 'n GEWISSE SEKERHEID: „Ons stuur lynreg op 'n ramp af."**

As 'n mens die artikel verder lees, word dit tewens duidelik waarom die Eenheidskomitee deur die Partyleiding veronagsaam en eindelik kragteloos gemaak is: **die partyleier moes verhef word tot diktator, anders was hy nie bereid „om in die span te trek nie"!** Hoor wat sê die blad: **„Dit help nie om 'n leier aan te wys, maar hom nie mag of gesag te verleen oor die liggame wat die stryd moet voer nie."**

Hier lê dus die rede waarom die Eenheidskomitee verongeluk is, en waarom die O.B. vernietig moes word. Maar as die partyleier dan diktatoriale magte moet hê, waarom dit dan nie openlik eis nie? **Waarom eers die hand aanbied in samewerking met ander organisasies „met behoud van elkeen se selfstandigheid" om later wanneer daardie samewerking praktiese resultate verg, dit te verwerp en te veronagsaam met allerhande ekskusies?**

**VERKLAARBAAR**

Nou kan 'n mens ook verstaan waarom daar nie vrede gekom het toe die O.B. voldoen het aan dr. Malan se ultimatum nie, maar daar 'n **tweede ultimatum** op gevolg het, nl.: **Die O.B. moet nou die aksiefront van die party word, of so nie stig die party sy eie aksiefront.**

Die rede is dat die eis in die ultimatum self van minder belang was. **Dit moes slegs dien as 'n causus belli — 'n voorwendsel — om die O.B. uit die pad te maak, sodat daar net 'n eenmansleier kan oorbly „met mag en gesag".**

En al die ander beskuldigings teen die O.B. en sy leiding was dan ook net voorwendsels om daardie doel te bereik. So gesien, word die teenstrydigheid verstaanbaar in die beskuldiging dat die O.B. na 'n diktatuur of 'n eenpartystelsel strewe, **terwyl die partyleiding self geen tweede organisasie met 'n politieke doel op sy terrein duld nie.**

Maar was dit nou eerlik en billik om 'n ander organisasie verdag te maak by die volk deur hom van diktatoriale neigings te beskuldig ten einde hom uit die pad te kry sodat die party self 'n diktatuur kan skep? **Was dit staatsmanskap en vaderlandsliefde om die volk oor so 'n doel op so 'n wyse te verdeel, sodat hy die hoop op die verwesenliking van sy skoonste verwagtings moet prysgee?**

## KERSFEESGROETE

Beperkte ruimte sal in die uitgawe van „Die O.B." wat op die 17de Desember verskyn beskikbaar wees vir plasings vir kersfeesgroete. Die tarief daarvoor sal 2d. per woord wees en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam. Minimum 3/-.


**SASBANK**

Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....

**LENINGS** verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.

LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.

Duisende maak gebruik van **SASBANK** fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.

**SASBANK**

is 'n kind van die Volk en dien die Volk.

*Raadpleeg Sasbank.*

**PAARL:**
Pêrel-Boedelgebou,
Hoofstraat 327, Posbus 266.

**KAAPSTAD:**
Parlementstraat 32, Posbus 2387.

**WORCESTER:**
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.



**W. VOIGT BPK.,**
**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

**Foon: Paarl 23.**

**Posbus 10, Hugenoot.**



*Langstraat 301*

KRUIDENIERS-
GROENTE en
VRUGTE
Handelaars

*Afrikana Voorsieners*

'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID

*Foon 3-1393*

**KAAPSTAD**



**VLAE**

***Besit U 'n O.B. Vlag?***

**Die Kaaplandse Hoofkwartier bied aan:**

| | |
|---|---|
| Kommando Vlag | £1-15-0 |
| Motorvlag | 2-6 |
| Fietsvlag | 1-3 |

Kontant met Bestelling.

**„DIE O.B.," Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**



**ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA**

**SCHOEMANNELO-DRANK**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Brandwag .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**JURGENS SCHOEMAN**

**POSBUS 142, OUDTSHOORN.**

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**
Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.
*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soo t in Kaapstad*
*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*
*FOON 3-0164*
*Langstraat 303, Kaapstad*

Algemene Handelaars
FOON 5-4294
**J. J. DE GOEDE,**
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Ondersteun 'n Afrikaner.*

105 Takke 40,000 Lede
**AVBOB**
Reserwe-fonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

**KERSFEESWYN!**
*BESTEL DADELIK KERSFEESKISSIE No. 5, BEVATTENDE:—*
- 6 GROOT BOTTELS BRANDEWYN en
- 6 GROOT BOTTELS WYN.

*Gelewer by enige stasie in die Unie vir*
**45/-**
KONTANT MET BESTELLING OF K.O.A.
GEBRS. BRINK BPK., - - MONTAGU.

**BRANDWAGTE!**
*KEN U MEDE-AFRIKANER OP PAD*
*DEUR HIERDIE KENTEKEN — DIE SLEUTEL TOT GEMOEDELIKE VERKEER EN KAMERAADSKAP*

DIE EERSTE EN ENIGSTE AFRIKANER-EIE MOTORKLUB WAARBY AL-REEDS MEER DAN 6000 AFRIKANER-MOTOREIENAARS AANGESLUIT HET. VIR DIE GERINGE BEDRAGGIE VAN £1 JAARGELD ONTVANG U DIE VOLGENDE:
*Gratis Sleepdiens; Goedkoper Motorversekering; Gratis Regsadvies; Pad- en Roetekaarte; Snelle Afleweringsdiens van enige soort Motortoebehore en Orige Dele teen Groothandelspryse, en nog Talle Ander Dienste en Voordele.* **SLUIT NOU AAN!**
Voortrekker Motorklub Beperk, Groote Kerk Gebou, Kaapstad.

**KERSFEESKAARTE!**
*Met Die Ossewabrandwag-wapen in Kleure*
Word deur die Kaaplandse Hoofkwartier aangebied teen
4/6 Per dosyn Posvry
Kontant met Bestelling
*Bestel onmiddellik — Ons Beskik oor 'n Beperkte Voorraad.*
*„DIE O.B." Kamer 916 — Groote Kerk-gebou, KAAPSTAD*

## Ossewabrandwag lei Opstand teen Volks-ondermynende Magte

*Vervolg van bls. 5.*

As gevolg hiervan word die O.B. beskuldig dat hy 'n na-aper is van uitheemse organisasies. Dit is net so ver van die waarheid as om te sê dat wanneer 'n man eet omdat hy honger is, hy iemand anders na-aap wat ook eet omdat hy honger is.

Van die O.B. word gesê dat hy nasionaal-sosialisties is. Indien Nasionaal-sosialisme beteken dat jy 'n voorstander is van 'n volksregering; van 'n president wat deur die volk gekies is; dat die staat sy verantwoordelikheid teenoor elkeen van sy burgers moet besef en nie toelaat dat hulle uitgebuit word deur kapitalistiese groepe nie; dat die belange van die volk voor die belange van 'n groep of enkeling gestel moet word; dat jy gekant is teen 'n volksvreemde partystelsel, die liberalistiese pers en die georganiseerde Jodedom, dan het die O.B. daar niks op te sê nie. **Hierdie is wel die dinge waarvoor hy staan,**" het genl. Van Zyl besluit.

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**
*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.
*HOU KOERS NA*
**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# AANDAG!

Die Generaalskap van genl. Retief hou 'n sametrekking onder beskerming van die Parow Kommando's, op die

MARKPLEIN, PAROW,

op

## Saterdag, 13 Desember,

Opening 2.30 n.m.

Verversings, vleis- en worsbraai, Jukskei, Sang (begelei deur die O.B. Blaasorkes), en Volkspele.

*SPREKERS:*

*Middag:* Mev. Genl. du Toit.

*Aand:* Asst.-komdt. genl. J. A. Smith.

KOM SEKER

## *Die Moeder van die Volk*

Die vroue van een van die Randse kommando's rig die volgende boodskap aan die Boerevolk:—

„Die interneringskampe waar ons mans heen gaan, herinner ons aan die konsentrasiekampie met rye-rye tente en talle doodkiste, met al die marteling, lyding en smart wat deurgestaan moes word; maar al moet ons weer dieselfde of nog groter offers bring, dan is die Boerevrou nog bereid om vas te staan by die manne in hierdie stryd om vryheid. Ons sal nie twyfel, of ons laat afskrik deur enige internerings nie — al moet ons ook kaalvoet loop, ons sal nie ingee nie!"

SKOUBURG.

Hofmeyrsaal, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

*„HER FIRST ROMANCE"*

ook

*'n Spesiale Voorprogram.*

Plekbespreking by Uniewinkels.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre Mark

KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

Beste Heersende Pryse.

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

# *Intekening op „Die O.B."*

In verband met die wyse waarop inskrywings op „Die O.B." geskied, word die volgende onder die aandag van Offisiere gebring:—

Die naam en adres van die intekenaar word by 'n kommando ingehandig en deur die kommando opgestuur na Hoofkwartier. Daardie kommando is verantwoordelik vir die betaling van inskrywingsgeld aan Hoofkwartier bereken teen die vasgestelde tarief van £20 per 100 weeklikse eksemplare per jaar.

Die invordering van hierdie aldus-berekende bedrag van al die intekenare moet deur die kommando geskied. Inskrywingsgeld is op Hoofkwartier betaalbaar in jaarlikse of halfjaarlikse paaiemente. In die geval van nie-lede van die Ossewabrandwag moet hulle 5/- per jaar betaal wanneer hulle inteken by 'n kommando.

By wyse van uitsondering sal die Hoofkwartier die naam en adres van 'n intekenaar wat nie deur 'n kommando ingehandig word nie, maar aan die Hoofkwartier gestuur word, in aanmerking neem. Aangesien dit egter ekstra administrasiekoste verg sal die intekengeld in sulke gevalle 7/6 per jaar wees.

DIE KOMMANDANT - GENERAAL het gister en eergister gesê en sê vandag nog:

„Hoe gouer ons almal, of ons nou boere is, of amptenare, of handelaars of arbeiders of wat ook al,— hoe gouer ons besef dat ons nie sonder mekaar kan klaar kom nie, hoe beter sal dit vir ons almal wees en vir die Afrikaanse volk."

Harrismith,

April 1937.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS

STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*
- *Werkverskaffing.*

Ons is Agente vir

DIE KOPERSBOND BPK. IN KAAPLAND.

Flinke bediening en eerlikheid is ons leuse

Stabilis-Agentskappe en Beleggings-Maatskappy.

Foon 30764—Kamer 314—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

AFRIKANERS LUISTER HIER:—

Wil u ook op die skouers van die wêreld gedra en beny word deur die mense rondom u? Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwaifiseerde Boekhouer met 'n goeie betrekking en 'n vet Salaris. Ons Kursus is goedkoop en doetreffend; ons waarborg uitstekende resultate. Sewe uitgebreide Gesondheid- en Liggaamsboukursusse word absoluut gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van:

UNIE-BOEKHOU-KOLLEGE,

Posbus 32, ALEXANDRIA.

GRAFSTENE, MONUMENTE ens. van die

S.A. MONUMENTE WERKE

Is 'n permanente en mooi uiting van liefde en toewyding.

Skryf Posbus 2 of bel 5-2823,

VOORTREKKER-WEG, MAITLAND.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*

Foon 5-1486

- Vir u volgende Pak
- Billike Pryse
- Werk Gewaarborg
- Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier

## Geklasifiseerde Advertensies

TE KOOP

PLASIE, 17¼ morg groot, binne Munisipale gebied — een myl van stasie.— Al die grond onder besproeiing.—Groot gerieflike Woning en Buitegeboue.—Een groot en twee klein Damme.—Besonderhede op aanvraag van: J. KOK, Posbus 26, Swellendam.

Baie dankie vir jou raad verlede week ou maat. Ek het 'n **VOORTREKKER ARMBAND** vir my bruid, en drie **VOORTREKKER SILWER BORSSPELDE** van **TAFELBERG INDUSTRIEË, KOHLINGSTRAAT 16, KAAPSTAD,** gekry. Ons was almal verras met die waarde. Ek het vir haar ook 'n **LINNEMERK NAAMSTEMPEL** teen **8/6** gekry.

GEVRA

MOTORWERKTUIGKUNDIGE vir plattelandse Garage, eerlikheid 'n vereiste. Stuur volle besonderhede aan **Strydom se Garage, Posbus 1, Barrydale.**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*